

Sondag 36 Die Derde Gebod – om God in al ons woorde en werke te prys

DAG 1:

Fokus op mekaar:

- *Elkeen kry die geleentheid om te sê hoe sy of haar dag was, wat vreugdes of teleurstellings was, waar hy of sy hulp nodig het.*
- *Waar het jy vandag die geleentheid gekry om God in jou woord en jou werk te prys?*
- *Was daar iewers waar jy doelbewus vir jouself gesê het: “Ek wil hierdie taak tot Gods eer doen.” Wat was dit, hoe het jy dit gedoen?*

1. Fokus op die Here

1.1. Ons met die Here:

*Waar die eerste gebod gaan oor Wie ons aanbid,
gaan die Tweede gebod oor Hoe ons Hom aanbid.*

Die Derde gebod oor die houding waarmee ons God aanbid.

a. Sing saam tot eer van die Here.

Psalm 8 sing van die mens wat in verwondering staan voor die werke van die Heer:

*Daar is geen land so ver of woës geleë,
Geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
Geen hemelsfeer in die oneindigheid –
Of orals blink U Naam en majesteit.*

b. **Gebedsvoorstelle:**

* Dank God dat Hy homself neerbuig en aan die mens openbaar.

* Loof die Here vir al sy werke in die natuur waar jy sy majesteit kan raaksien.

* Dank die Here dat met sy Naam, Christen, genoem word.

* Bid dat die Here se Naam en majesteit ook uit jou sal straal soos jy Hom navolg.

1.2. Die Here met ons:

Lees:

Eksodus 20:7 en Sondag .36. hardop eenkeer deur. Pa of Ma kan die vrae vra en die kinders kan antwoord.

Vra: Waaroor gaan dit hier, wat is die hoofpunt wat Sondag 33 ons wil leer?

v.99: *ons moet God se Naam op die regte manier gebruik. Dit is om sy eer uit te brei en niks te doen wat dit afbreek nie.*

v. 100: *Om stil te bly wanneer ander sonde doen, is om tot hul dade in te stem, en daarom jouself ook daarvoor aanspreeklik te maak.*

Belangrike woorde:

* *Naam van God*

Dui op die persoon van God in al sy mag, karakter en glorie. Omdat God se Naam die uitdrukking van sy karakter, persoon en eienskappe is, getuig om Naam te loof of jy God lief het of haat.

* *Laster*

om op 'n onheiliggende, wêreldse manier oor of met God te praat.

* *Vloek*

Om iemand te vervloek – om te wil hê dat God iemand vernietig.

* *Valse eed*

gewoonlik wanneer 'n eed gesweer word, word dit in die Naam van God gedoen – dit bevestig dan die waarheid van wat jy sê, e.g. “So seker as wat Jesus uit die dood opgestaan het praat ek die waarheid”. 'n Valse eed is om na aanroep van die Naam van die Here te lieg. Omdat jy dan lieg doen jou leun aan die waarheid wat God is afbreek.

- * *Onnodig te sweer* Soms klink 'n storie net 'te goed om waar te wees'. Om dan die erns en waarheid van ons storie te bevestig sal ons sweer dat dit waar is. Hier word veral gedink aan mense wat te vinnig sweer of 'n onbesonne eed aflê (e.g. soos die geval van Jefta in Rigters 11:30-40).
- * *Deur stil te bly*
Of dit toe te laat: As ons dit ignoreer wanneer ander mense vloek en laster, dan maak ons onself ook aan die sonde skuldig. Ons moet die feit dat ons daarmee verskil duidelik bekend maak en 'n ander voorbeeld stel
- * *met vrees en eerbied:* Hierdie is die positiewe sy van die wet, dit sê dat ons God se Name, titels en eienskappe met liefde, versigtigheid en toewyding moet gebruik.
- * *Reg bely:* Dit is die teenoorgestelde van laster. Waar laster leuns oor God vertel, is 'n regte belydenis om die waarheid van God te vertel
- * *Hom in al ons woorde*
en werke prys: Vir die Christen moet sowel dit wat jy sê as dit wat jy doen getuig dat jy die Here liefhet, en Hom hoog genoeg ag om alles (e.g. werk, aanbidding, verhoudings, kuier) tot sy eer te doen.
- * *geen sonde is groter:* Om die Here te laster is om die Here aan te val. E.g. die sonde teen die Heilige Gees is om die werke van God as die van die Satan toe te skryf – dws, laster.
- * *doodstraf* Die straf op laster is die dood. Dit moet ons wys hoe ernstige sonde dit is.

Wat verbied word:

Laster
Slegsê
Vloekery
Valse getuienis
Valse ede en om onnodig te sweer

Wat beveel word:

vrees
eerbied
reg bely
waarheid praat
loof God op 'n waardige manier.

Leidende vrae

- Dink jy die derde gebod bevrydend of beperkend? Hoekom sê jy so?
- Dink jy iemand wat die vryheid om God te wil vloek en leuns oor die Here te vertel is 'n ware kind van God? Sal iemand wat God ken en liefhet so wil optree? Hoekom?
- Wat leer die derde gebod jou oor die houding waarmee jy God behoort te dien?

2. Fokus op die wêreld en die skepping

- Hoe voel jy wanneer mense of ander kinders aspris jou naam gebruik om jou te terg of verkeerde dinge van jou te sê?
Hoe tree jy dan op?
- Sê nou maar jy hoor hoe ander mense een van jou vriende slegsê en leuns oor hom of haar vertel. Wat maak jy dan?
- Op TV hoor mens dikwels dat die Here se Naam ydelik (onnadenkend) gebruik word.
Hoe laat dit vir jou wat die Here lief het voel wanneer dit gebeur?
Wat maak jy hieroor?

'n Gedagte: Het jy al gebed dat die Here sou sal vergewe vir die kere wat jy niks gedoen het nie toe jy gehoor het hoe sy Naam misbruik word?

En het jy op grond van daardie gebed mense en situasies waar dit gebeur begin vermy of aanspreek?

Sondag 36 Die Derde Gebod – om God in al ons woorde en werke te prys

DAG 2

Fokus op mekaar:

- *Elkeen kry die geleentheid om te sê hoe sy of haar dag was en waar hy of sy hulp nodig het.*
- *Is daar iets in jou lewe waarop jy tans in besonder fokus om dit tot Gods eer te doen?*

1. Fokus op die Here

1.1. Ons met die Here:

a. Sing saam tot eer van die Here.

Psalm 33:11 sing van die vertrou wat ons op
Gods Naam het:

*In God, dié God wat ons beveilig,
Voel nou ons hart opnuut verblyd;
En op sy Naam, ontsaglik heilig,
Vertrou ons tot in ewigheid.*

*Goedertieren Vader, Hoor ons as ons nader
Met 'n diep ontsag;
Slaan ons gunstig gade, skenk ons u genade
As ons op U wag!*

b. Gebedsvoorstelle:

* Loof God vir al die dinge waarin jy sy sorg en
liefde kan raaksien.

* Dank die Here dat Hy jou onder sy besekering
neem.

Bid God dat jy Naam sal eer en loof en prys met
dit wat jy dink en doen en sê

1.2. Die Here met ons:

In elk van God se gebooie is daar iets wat verbied word (wat jy nie mag doen nie) en iets wat gebied word (wat jy moet doen). Vandag kyk ons na wat verbied word:

a) **Laster:**

Laster gebeur wanneer mens iets belaglik aan God toedig, en veroorsaak dat ander mense min van God dink. Hoor hoe het die Skrifgeleerdes en Fariseërs met God en Jesus die sopt gedryf:

“Ander het Hy gered, maar Homself kan Hy nie red nie. Hy is mos die Koning van Israel! Laat Hy nou van die kruis afkom en ons sal in Hom glo. Hy het op God vertrou: Laat God hom nou red as hy dan behae in Hom het. Hy het immers gesê hy is die Seun van God!” Matteus 27:43-44

- Wat is maniere wat mense vandag vir God spot of koggel?
- Wat dink jy dryf mense om dit te doen?

b) **Om aanleiding te gee dat ander God laster:**

“as gevolg van julle optrede word die Naam van God deur die heidennasies belaster”. Rom. 2:24

“Baie mense sal hul losbandigheid navolg, en deur hul toedoen sal mense kwaad praat van die weg van die waarheid”. 2 Pet. 2:2

- Hoe kan 'n gelowige se sondige optrede daartoe lei dat mense sleg van God dink?
- Kan jy voorbeelde gee?

c) **Om God se Naam te misbruik:**

Dit gebeur wanneer 'n mens God se Naam ligtelik en sonder eerbied gebruik, soos mense wat sê: “O my Here!” of, “Die Here weet”. Soms doen mense dit uit gewoonte soos as hulle seerkry, nies, of grappe vertel wat lig van God of Gods Woord maak.

d) **Om stil te bly wanneer God se Naam gelaster word**

“Wanneer iemand hoor of te wete kom dat 'n vervloeking uitgespreek is en hy verswyg dit, sondig hy. Hy was 'n getuie daarvan, en daarom rus daar skuld op Hom”. Levitikus 5:1

- Hoe kan jy situasies hanteer waar mense vloek en onbesonne dinge sê?

Sondag 36 Die Derde Gebod – om God in al ons woorde en werke te prys

DAG 3

Fokus op mekaar:

- *Elkeen kry die geleentheid om te sê hoe sy of haar dag was*
- *Vertel van hoe een van jou gebede tot God beantwoord was en jou reaksie daarop was.*

1. Fokus op die Here

1.1. Ons met die Here:

a. Sing saam tot eer van die Here.

Lied 203:1 besing die wonder van God –
waartoe ons in die derde gebod opgeroep
word:

Loof die Here, al wat lewe,
Wil Hom dank en hulde bring –
Hy het al ons skuld vergewe;
Ons 'n nuwe lied laat sing.
Loof Hom, prys Hom, Loof en prys Hom!
Loof die Vader, God en Heer!

b. Gebedsvoorstelle:

- * Bid dat jy en jou gesin die Here met jou hele lewe sal loof
- * Vra dat die Here jou sal vergewe daar waar jy sy Naam al gelaster het, soos Hy ook vir Petrus vergewe het.
- * Vra die vir die genade om *'jou vyande lief te hê, dié te seën wat jou vervloek, en goed te doen aan dié wat jou haat'* vlg. Matt 5:44.

1.2. Die Here met ons:

In elk van God se gebooe is daar iets wat verbied word (wat jy nie mag doen nie) en iets wat gebied word (wat jy moet doen). Vandag kyk ons na wat gebied word:

a) **Om van God en sy dinge met alle nederigheid, eerbied en respek te praat:**

"Ek is maar net stof en as, en tog het ek gewaag om met die Here te praat". – Gen 18:27

Uit ons ingesteltheid, woorde en dade moet dit duidelik word dat ons 'n heilige ontsag vir God het, en hierdie ontsag moet vir die mense rondom (ons gesin & vriende) ook duidelik word..

- Hoe word jou hartsverhouding met God in jou woorde gereflekteer?

b) **Om die Here duidelik te bely (en te soek dat ander dit ook sal doen)**

"Ek skaam my nie vir die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo". Rom. 1:16

Ons behoort dit duidelik te kenne te maak dat ons vir die Here lief is, dat ons Hom eer en vertrou en getrou is aan sy waarheid, sy saak, en sy kinders.

- Hoe kan jy dit aan die mense rondom jou duidelik maak dat jy nie skaam vir God en sy kerk is nie?

c) **Om God in alles wat ons sê en doen te verheerlik**

"ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God." – 1 Kon. 19:10

- Hoe getuig jou gedrag en jou werk dat jy ywerig vir die saak van die Here is?

d) **Om die Naam van die Here aan te roep**

"Moses en Aaron was onder sy priesters, Samuel onder dié wat sy Naam aangeroep het. Hulle het die Here aangeroep en Hy het hulle gebed verhoor." Psalm 99:6

Die Here beveel ons om in alles ons begeertes deur gebed en smeking en danksegging aan Hom bekend te maak (vlg. Filip 4:6).

- Die dryf om te bid is een wat die Heilige Gees in ons werk. Hoe kan jy deur die verloop van jou dag, wanneer jy die gevoel kry om te bid, dit doen?
- Die Psalms is ook gebede! Wanneer die gemeente saam sing is hulle ook besig om saam te bid. Hoe kan jy die Psalms deel van jou gebedslewe maak?
Hoe gee die Psalms vir jou 'n 'woordeskaf' om God mee aan te roep?